

Openbaring 2:1-7

Jou eerste liefde is jou enigste troos en redding

Inleiding:

- Vandag herdenk ons die begin van die reformasie.
 - Die reformasie is die beweging in die sestiende eeu, waar gelowiges begin het om terug te beweeg na dit wat die woord van God sê.
 - Tot en met die sestiende eeu, was die Roomse katolieke kerk die mees algemene kerk gewees en is beskou as die maatstaf vir gelowiges.
 - Dit wat die Roomse katolieke kerk sê deur die pous, is wet en staan vas.
 - Omdat so min mense kon lees en skryf, het die kerk dikwels hierdie mense uitgebuit en geld gemaak uit die armes en ongeletterdes.
 - Die kerk kon hiermee wegkom deur vir die gelowiges te sê dat jou werke kon bydra tot jou redding.
 - As jy iets van jou kant af doen, maak dit die pad om gered te word makliker.
 - Die realiteit is dat die Roomse kerk onder die naam van christenskap, gelowiges uitgebuit het en die waarheid van die skrif heeltemaal verdraai en verwerp.
- Die pous se gesag was meer as die gesag van die Bybel.
- Daar was geen sprake van genade nie, maar net verdienste.
 - Deur die verloop van die reformasie het die herstel begin.
 - Keer terug na die woord toe.
 - Vertrou op die genade van die Here.
- Die Roomse kerk is nie allen te blameer vir die verval van die godsdiens nie.
 - As ons in openbaring 2 lees sien ons dat die oproep om te reformeer, of om terug te keer na die Skrif toe, deurlopend in die woord van die Here na vore kom.
 - Die oproep aan die gemeente in Efese die eerste eeu na Christus, die oproep aan die kerk in die 16e eeu, en die oproep aan my en jou vandag in die 21ste eeu, bly dieselfde.

- Keer terug na die woord van die Here toe.
 - Keer terug na jou eerste liefde toe.
- Jou eerste liefde is jou enigste troos en redding.
 - God en sy woord is jou eerste liefde.
 - God ken al jou werke – die goeie en slegte.
 - Keer terug!

God en sy woord is jou eerste liefde

- Die brief aan die gemeente in Efese is die eerste van sewe briewe wat geskryf word aan die gemeentes in klein Asië.
- Die gemeente in Efese is een van die oudste gemeentes in die omgewing gewees.
 - Meeste van die ander gemeentes het hulle ontstaan te danke aan werk wat gedoen is deur die gemeente.
 - Die gemeente is in alle waarskynlikheid gestig deur Priscilla en Akwilla wat werksaam was in die omgewing.
 - Paulus self was ook nouliks betrokke by die gemeente.
- Efese is 'n bekende hawestad gewees.
 - Die ligging van die dorp het dit maklik gemaak om daar te kan handeldryf.
 - Dit is egter nie net op ekonomiese vlak wat die dorp uitgestaan het nie.
 - Die tempel vir Artemis was in die dorp gewees.
 - Artemis was die godin van vrugbaarheid gewees.
 - Sy is aanbid by die tempel wat in haar naam opgerig is.
 - Duisende priesters het in hierdie tempel gewerk.
 - Aanbiddingsrituele was ondermeer tempelprostitusie gewees.
- Omdat die stad 'n hawestad was, was prostitusie 'n algemene praktyk gewees in die dorp.
 - Dit was regverdig deur die feit dat prostitusie selfs by die tempel beoefen is.
- Die brief wat geskryf word aan Efese in die boek openbaring word gerig aan die engel, of boodskapper, van die gemeente.
 - So word daar vir ons beklemtoon dat hierdie brief gerig word met gesag wat van God af kom.
- Dit is opvallend dat die gehoor van hierdie brief nie gerig is aan die dorp nie, maar spesifiek die gemeente.
 - Die gemeente as geheel word aangespreek so ook elke individu wat deel is van die gemeente.
- Hierdie brief, soos die ander briewe in openbaring, begin deur die gehoor te noem en dan daarmee saam, wie die een is wat die boodskap stuur.

- In die geval van Efese word genoem – *“So sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand vashou en wat tussen die sewe goue lampe rondgaan”*
- Soos wat ons deur die verloop van die brief gaan, sien ons dat die boodskap aan die gemeente van Christus af kom.
 - Die een wat die sewe sterre vashou is die een wat al die mag het.
 - Daarmee saam is die een wat tussen die sewe lampe staan die een wat die kerke bewaar en in stand hou.
- Christus is dus self aan die woord wanneer hierdie gemeente aangespreek word.
 - Die brief gaan dan verder om die werke van die gemeente te beskryf.
 - En as jy die brief lees dan lyk dit aanvanklik of die gemeente goeie werk doen.
 - Ons sal later in die preek in diepte na hierdie werke kyk.
 - Die negatiewe aspek van hierdie gemeente is egter dat hulle hulle eerste liefde verlaat het.
- Hierdie eerste liefde is niks anders as God en sy woord nie.
 - Die wet van die Here wat ons vroeg in die ou testament ontvang beveel – Jy moet die Here, jou God, liefhê met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en met al jou kragte en jou naaste soos jouself.
 - Die liefde speel dus ‘n baie belangrike rol wanneer God hierdie opdrag gee.
 - Die woord liefde beteken in die wet, ‘n onvoorwaardelike liefde.
 - Dit beteken ‘n liefde wat selfopofferend is.
 - Dit beteken ek is bereid om iets prys te gee omdat ek jou liefhet.
 - Hierdie selfopoffering beteken ek gee iets prys vir God en vir my naaste.
 - Ek is nie selfbehep nie.
 - Ek stel my naaste eerste.
 - God is my hoogste prioriteit in my lewe.
- Ons kan die liefde so leer ken omdat dit is wat die woord van God sê.
 - 1 Joh. 4:19 verseker ons – *“Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.”*
 - Ons liefde is daarom ‘n bewys van God se liefde.
 - Daar is geen groter liefde nie.
 - Daar is geen duideliker liefde nie.
 - Daarom is God ons eerste liefde.
 - Hierdie eerste liefde is die fokus van alles wat ons doen.
 - Elke werk, elke gedagte elke oomblik van elke dag moet vloei uit hierdie liefde wat ons vir God het.
- Maar die brief maak dit duidelik dat die gemeente in Efese hulle eerste liefde verlaat het.

- Dit word vir ons duidelik in die werke van die gemeente.

God ken al jou werke – die goeie en die slegte

- Ons het vroeër gehoor dat Christus die een is wat tussen die lampe staan.
 - Dit bevestig die feit dat die werke van die gemeentes nie in die geheim gedoen word nie.
 - God self ken al die werke van die gemeente.
 - Ken beteken hier dat God die motiewe ken van al hierdie werke.
 - Hy weet hoe die hart lyk agter alles wat die gemeente doen.
- Omdat God hierdie werke ken kan Hy self dan ook hierdie werke evalueer.
 - En dit is ook wat gedoen word in hierdie brief.
- God ken die werke, die arbeid en die lydsaamheid.
 - God sien die gemeente se harde werk en deursettingsvermoë.
 - Omdat die stad Efese so immoreel was, is baie van die gelowiges vervolgd omdat hulle opgestaan het vir wat reg is.
 - Die gemeente het duidelik onderskei tussen reg en verkeerd selfs al was dit nie die gewilde ding om te doen nie.
 - Die gemeente het hulle wat kom leer het op die proef gestel.
 - Alles wat verkondig is, is nie net opgevrete vir die waarheid nie, maar is eers deeglik ondersoek.
 - En wanneer dit bevind is dat hierdie mense valse profete is, is dit duidelik uitgewys en aangespreek.
 - Die gemeente het nie moeg geword nie.
 - Deur die krag van die Heilige Gees het die gemeente hart gewerk ter wille van die Here.
 - Hulle het werklik probeer om 'n lig te wees in die andersins donker stad.
 - Die gemeente het nie die leer van die Nikolaiete aangehang nie.
 - Hierdie naam word net twee keer genoem in die Bybel, en beide kere is dit in die briewe gerig aan die gemeentes.
 - Ons kry nie duidelikheid in die Bybel oor wat hierdie leer presies was nie.
 - Maar as ons kyk na die konteks van die twee gebruike van die woord is dit in alle waarskynlikheid die samevoeging van gelowe.
 - Baie van die christene het hulle christelike geloof beoefen, maar ook deelgeneem aan die offerpraktyke vir Artemis.

- Die Nikolaiete is dus 'n losbandige groep wat sommer na eie wil die praktyke van ander gelowe gebruik het soos wat dit hulle pas.
- En dit word duidelik gemaak dat die gemeente in Efese hierdie werke gehaat het.
 - Hulle kon dit nie verdra nie want hulle het weereens duidelik onderskei tussen reg en verkeerd.
- Die Here wys dit uit dat die gemeente al hierdie goeie werke gedoen het.
 - Maar Hy lig die feit uit dat die gemeente hulle eerste liefde verlaat het.
 - En geen goeie werk kan dit regverdig nie.
- Die gemeente doen al hierdie goeie werke, maar hulle het God, hulle eerste liefde, verlaat.
 - Wat is dan die doel van die werke?
 - Hoe lyk die hart wat agter hierdie werke lê?
 - Word hierdie werke gedoen sodat jy met God kan onderhandel of om jou eie gewete te sus?
 - Hierdie werke beteken niks as daar nie ware self opofferende liefde is nie.
 - Hierdie werke is leeg as jy jou eerste liefde verlaat.
 - Daarom word die gemeente ernstig vermaan.
 - Keer terug!

Keer terug!

- Ten spyte van al die goeie werke wat die gemeente doen, word hulle opgeroep om te bekeer.
 - Hoe hoog is die standaard van God dat my goeie werke nie goed genoeg is nie?
 - Die realiteit is dat daar nie iets soos goeie werke is nie.
 - Ons werke wat ons doen om onself te regverdig is niks anders as 'n vuil kleed nie, soos wat dit in Jesaja 64:6 beskryf word.
- Die enigste werke wat vir God aanneemlik is, is werke uit liefde en daarom werke as dankbare antwoord op die werk van die Here.
 - Daarom moet ons bekeer en terugkeer na die Here toe.
- Bekering bestaan uit drie dele.
 - Stop!
 - Hou op waarmee jy besig is.
 - Jy is op die verkeerde pad.
 - Draai om!

- Die eerste tree wat jy moet gee is die een waar jy in jou spore omdraai.
 - Keer terug!
 - Gaan terug na die Here.
- Die wonderlike genade is dat die Here nie van ons verwag om self te bekeer nie.
 - Net deur die werking van die Gees kan ons stop, omdraai en terugkeer na God toe.
 - Die Gees verander ons harte en spreek ons aan.
 - Ons moet in gehoorsaamheid daarna luister.
- God se oproep tot bekering bring ons by 'n vurk in die pad.
 - Watter kant toe?
 - Beide het sy gevolge en dit word duidelik gemaak in vers 5 en vers 7.
- Bekeer.
 - Onthou waar jy was.
 - Onthou hoe jy God liefgehad het.
 - Doen wat jy gedoen het met die regte motiewe.
 - Doen dit tot eer van die Here.
 - Doen dit uit dankbaarheid.
- As dit nie gebeur nie is die versekering dat die lamp weggevat gaan word uit die stad uit.
 - Die beteken dat die bietjie lig wat daar in die donker stad is, uitgedoef gaan word.
 - Daar sal nie meer 'n geestelike tuiste wees in die stad nie.
 - Selfs die gemeente sal tot niet gaan en die woord van die Here sal nie meer gehoor word nie.
- Maar daar is ook hoop.
 - As jy in gehoorsaamheid antwoord op die roeping van die Heilige Gees en die opdrag van die Here, dan wag daar 'n oorwinning!
 - Daar sal ewige lewe wees.
 - Jy sal wees in die teenwoordigheid van die Here.

Slot:

- “Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê”
 - Ons moet reformeer.
 - Ons moet teruggaan na ons eerste liefde.
 - Ons moet terug na die woord van die Here in elke aspek van ons lewe.
 - As kerk, as gesinne, en as individue.